**Die opbou na die Dawidverbond (OP188)**

**Deut 17:14-20**

**8 September 2024**

In Maart 2023 het ons begin met 'n studie oor die eerste 25 hoofstukke van Genesis. In daardie studie het ons onder andere geleer van die werksverbond wat die Here met Adam en Eva gesluit het tydens die skepping. Na die sondeval het ons geleer hoe die Here met Adam en Eva 'n genadeverbond gesluit het. Ons het ook geleer van die genadeverbonde wat die Here met Noag na die sondvloed gesluit het, asook die verbond wat die Here later met Abraham gesluit het – hierdie verbonde was ook genadeverbonde, en ons het geredeneer die verbonde vorm 'n geheel – die opvolgende verbonde bou telkens op die vorige verbonde. Onlangs het ons na Eksodus gekyk – en daar het ons die Sinaiverbond leer ken wat die Here met die volk na hulle verlossing uit Egipte by Sinai gesluit het. Hierdie verbond is ook 'n genadeverbond.

Ek wil nou aanbeweeg en vervolgens die Dawidverbond bestudeer. Dit is die laaste groot verbond wat die Here in die Ou Testament met die volk gesluit het, en dit gaan natuurlik die nuwe verbond vooraf wat in die Nuwe Testament in werking tree – al word dit alreeds in die Ou Testament aangekondig. Ek beplan dus om vir die volgende paar weke die Dawidverbond te oordink.

Die sluit van die Dawidverbond word vir ons in 2 Sam 7 beskryf, asook in 1 Kronieke 17. Wanneer ons hierdie verbond wil bestudeer, is ons dikwels geneig om direk na hierdie hoofstukke te gaan om daaruit die detail van hierdie verbond te gaan haal. Verder weet ons mos dat die Here in die Dawidverbond aan Dawid beloof het dat daar altyd Een uit Sy nageslag sal wees wat op die troon sal sit, en ons weet mos daardie Een is Jesus – en ons weet eventueel het Jesus gekom uit Dawid se nageslag, en Hy is die Opperkoning – so die verbond met Dawid is vervul. Natuurlik is dit alles waar – maar het ons nou alles geleer wat daar te leer is uit hierdie verbond? Natuurlik moet ons in detail na 2 Sam 7 en 1 Kron 17 kyk waar die verbond beskryf word, en eventueel sal ons daarby uitkom, as die Here dit so wil. Maar ek is weereens oortuig dit is baie nuttig om die opbou na hierdie hoofstukke te oordink. Weereens het die Here nie maar net eendag uit die bloute met Dawid 'n verbond opgerig net omdat Dawid op daardie stadium vir die Here 'n huis wou bou nie. Nee, daar was belangrike gebeure vroeër in die openbaringsgeskiedenis waarvan ons moet kennis neem wat aanleiding gegee het tot die sluit van die verbond. Boonop is dit nuttig om hierdie verbond saam met die ander verbonde wat nou alreeds deur die Here gesluit is, te oordink. As ons dit behoorlik doen, behoort ons te begin raaksien hoekom die Dawidverbond die laaste belangrike verbondsluiting in die Ou Testament is, en ons behoort ook te kan raaksien hoekom daar die noodsaak vir die nuwe verbond is wat op al hierdie ander verbonde volg. Ek wil vandag aandag gee aan hierdie vooraf gebeure – of dan ten minste aan die gebeure wat aanleiding gegee het daartoe dat die volk in 1 Sam 8 vir 'n koning gevra het. Vir die doel gaan ons na verskeie gedeeltes in die Ou Testament kyk.

<u>Die Here se verwagting van die mens (Gen 1:28, 2:15-17)</u>

Natuurlik moet ons by die begin begin – dit is by die skeppingsgebeure. Ons het in die verlede gesien die Here het met die mens tydens die skeppingsgebeure 'n verbond gesluit. Ja, God het die mens sonder sonde geskep – maar die Here het sekere verwagtinge van die mens gehad: Lees Gen 1:28 en 2:15-17. Die Here het 'n werksverbond met die mens gesluit, en aan die mens bepaalde take gegee om te doen: (1) Hy moet oor die diere heers, (2) hy moet die aarde onderwerp, (3) hy moet die tuin bewerk en bewaak, (4) hy moet vermeerder en die aarde vul, en (5) hy mag nie eet van die boom van die kennis van goed en kwaad nie. As die mens hierdie take suksesvol sou voltooi, kon hy verwag om in heerlikheid by die Here geneem te word. Ons gaan nie nou na al hierdie take kyk nie – maar

let op die volgende: Uit ons bestudering van die Sinaiverbond, en veral die tempeltema, weet ons die tuin van Eden was 'n eerste tempel. Die feit dat Adam en Eva die tuin moes bewerk, was 'n priesterlike taak – soos wat die priesters hulle take in die tabernakel moes verrig. Maar Adam en Eva moes ook die tuin bewaak. Die vraag is: Waarteen moes hulle die tuin bewaak? Ons het al vantevore hieroor gepraat – dit moes teen die duiwel wees. Boonop moes hulle ook die aarde onderwerp – ons het ook al vantevore hieroor gepraat dat dit beteken dat hulle die tuin moes uitbrei tot dit die hele aarde sou insluit. Dit was sekerlik deel van die priesters se rol om die heiligdom te beskerm teen valse invloede, maar dit is onmiskenbaar duidelik dat daar in hierdie opdragte ook 'n heersersrol of 'n koninklike rol is wat hulle moes nakom. Boonop moes Adam en Eva ook oor die diere heers. Die punt is dus dat die Here van Adam en Eva verwag het om beide 'n priesterlike asook 'n koninklike rol te vervul. Hulle was priesterkonings. Vir ons doel, let ons veral op hulle rol as konings: hulle moet die tuin bewaak teen die duiwel, die aarde onderwerp en oor die diere heers. Natuurlik is die Here verhewe bo die mens – Hy heers oor die mens, maar die Here verwag van die mens om te heers oor die tuin, en oor die res van Sy skepping.

<u>Die sondeval (Gen 3:5)</u>

Ons ken die sondeval gebeure. Adam en Eva was nie effektief om die tuin te bewaak nie – want die duiwel het in die tuin gekom tot by die boom van kennis van goed en kwaad. En boonop was hulle bereid om ten minste te bevraagteken wie is werklik hulle koning: Moet hulle na die Here of na die duiwel luister as hulle koning? Voeg hierby dat daar by hulle die begeerte was om soos God te wees – m.a.w. hulle was werklik nie gewillig om konings onder die Here as dié Koning te wees nie. Ja, daar is sekerlik meer opsigte waarin hulle gefaal het, maar hulle het ook in hulle koninklike rol gefaal.

Ons weet die Here het toe 'n genadeverbond met Adam en Eva gesluit: In hierdie genadeverbond het die Here nie enige van Sy verwagtinge van die mens opgeskort nie – nee, hulle het steeds al die opdragte gehad wat die Here tydens die skepping gegee het, die verskil is egter dat dit nou swaarder sou wees om dit uit te voer, en dit sal gepaard gaan met baie stryd. Verder het die Here 'n oordeel oor die duiwel aangekondig: Voortaan sal hy op sy pens seil en stof eet – maar veral het die Here beloof daar sal Een uit die nageslag van die vrou kom wat eventueel Sy kop sal vermorsel (Gen 3:15). Dit is hier wat dit duidelik word dat hierdie verbond 'n genadeverbond is.

Let nou op die volgende: Daar is een realiteit wat uit hierdie gebeure na vore kom, en uit hierdie realiteit spruit daar 3 vraagstukke:

- <u>Realiteit:</u> Die Here is onveranderlik. Hy is voor en na die sondeval dieselfde. Hy verwag steeds dieselfde werk van die mens. Hy verwag steeds gehoorsaamheid. Hy is steeds heilig. En Hy het dit duidelik gemaak Hy is regverdig en gaan sonde nie net oorsien nie. Maar Hy is ook genadig – die mens het nie direk gesterf nie, en Hy beloof oorwinning oor die duiwel.
- <u>Vraagstuk 1:</u> Die mens het nou sondeskuld voor die Here. Maar die Here is heilig. Hoe gaan die Here die sondeskuld aanspreek?
- <u>Vraagstuk 2:</u> As die mens in die ideale omstandighede van die tuin van Eden nie suksesvol was om gehoorsaam aan die Here te wees nie, hoe gaan die mens nou gehoorsaam wees siende dat die Here hulle nou uit die tuin gestuur het? Ons sê: die mens het sondesmet, of hy het 'n sondige aard, of hy is tot sonde geneig – hy wil net sonde doen. Hoe gaan die Here dit aanspreek?
- <u>Vraagstuk 3:</u> Die duiwel is geoordeel, maar die duiwel is steeds nie vernietig nie, hy is steeds teenwoordig. As hy Adam en Eva in die tuin kon verlei, sal hy dit tog sekerlik ook buite die tuin voort sit – selfs al seil hy op sy pens en eet stof. Hoe en wanneer gaan sy kop verbrysel word?

Opsommend: Die realiteit is die Here is wie Hy is – Hy is heilig en regverdig, maar ook genadig. In die lig van hierdie realiteit is daar drie vrae: Wat gaan met die mens se sondeskuld gebeur? Wat gaan met die mens se sondegeneigdheid, oftewel sy sondesmet, gebeur? Hoe en wanneer gaan die duiwel, wat die wortel van die sonde-probleem is, se kop vermorsel word?

Die verbond met Noag (Gen 6:5-7)

Ek wil nie te lank by die verbond met Noag stilstaan nie. Maar ons lees dat teen die tyd van Noag, was die boosheid van die mens op die aarde groot, en alles wat die mens bedink het was altyd net sleg. Duidelik is daardie drie vraagstukke werklike vraagstukke: sedert die sondeval het die mens sekerlik sy sondeskuld vermeerder (immers is die boosheid groot), sekerlik het die mens steeds 'n geneigdheid tot sonde (immers bedink hy net wat sleg is), en sekerlik is die duiwel steeds aan die werk. Maar die realiteit is ook steeds waar: Die Here is steeds heilig en regverdig – en daarom stuur Hy die sondvloed as uitdrukking van Sy oordeel, maar Hy is ook genadig en red Noag en sy gesin in die ark. Die belangrike punt wat ons uit die verbond met Noag moet leer, is dat die Here Sy oordeel oor die sonde uitstel tot aan die einde van die tyd – soos ons in die verlede gesê het die Here skep sodoende genadetyd. Die vraag is hoe gaan die Here die genadetyd gebruik om daardie drie vraagstukke aan te spreek?

Die verbond met Abraham (Gen 12-17)

Ons het vantevore in detail na die verbond met Abraham gekyk. Ek som dit op: die Here beloof aan Abraham 'n groot nageslag wat die beloofde land sal ontvang, en die Here sal hulle God wees. Let op: die Here het van Adam en Eva verwag om te vermeerder en die aarde te vul. Nou beloof die Here aan Abraham 'n groot nageslag. Boonop neem die Here die verantwoordelikheid hiervoor op Homself – Hy beweeg alleen tussen die stukke diere deur. En die Here beloof aan Abraham hy sal geregtigheid ontvang deur geloof. Dit is 'n reuse stap vorentoe om ten minste een van die vraagstukke aan te spreek: As Abraham geregtigheid deur geloof sal ontvang, beteken dit ten minste sy sondeskuld aangespreek kan word – immers is geregtigheid om vrygespreek te word van ons sondeskuld. Maar wat moet Abraham glo om hierdie geregtigheid te ontvang? Hy moet die beloftes van die Here glo. Die presiese detail van hoe hierdie sondeskuld aangespreek gaan word, is egter nog nie duidelik nie.

En tog is daar 2 aspekte in die handeling van die Here met Abraham waarvan ons moet kennis neem in voorbereiding op die Dawidverbond:

- Gen 17:15-16: Die Here beloof hier aan Abraham dat Hy aan Abraham uit Sara 'n seun sal gee. En hierdie seun sal die voorloper wees van baie nasies – dit is tog hoe Abraham se nageslag so groot sal word. Maar, dan voeg die Here ook by: Konings van volke sal ook uit Sara na vore kom. Die Here voorsien dus dat daar konings gaan wees – in Abraham se nageslag.
- Gen 14: In hierdie hoofstuk lees ons van die stryd tussen die groep van 4 konings onder die leiding van Kedor-Laomer wat stryd voer teen die groep van 5 konings, waaronder die konings van Sodom en Gomorra is. Let op: stryd tussen 9 konings – die Here het in Gen 3 al gesê daar gaan stryd wees. Die groep van 4 oorwin die groep van 5 konings, en neem onder andere vir Lot gevange. Maar dan tree Abraham op – hy oorwin Kedor-Laomer en die konings by hom, en hy bevry Lot. Lees verse 17-24. Met Abraham se terugkeer, kom twee konings na Abraham toe: die koning van Sodom en Melgisedek, die koning van Salem (dit is Jerusalem). Die koning van Sodom bied aan Abraham al die besittings wat Abraham op beslag gelê het tydens sy oorwinning oor Kedor-Laomer, maar Abraham wys dit van die

hand – hy sê in vers 24: "Sluit my uit!" Abraham wil niks met die koning van Sodom te doen hê nie, en wil niks uit sy hand aanvaar nie. Daarteenoor bring die koning van Salem, oftewel Melgisedek, brood en wyn. Hy seën Abraham, en skryf Abraham se oorwinning toe aan die Here se ingrype. Abraham assosieer hom met die koning van Salem – en gee 'n tiende van alles aan die koning van Salem.

Heb 7 verwys natuurlik na hierdie gebeure. In Heb 7:3 word vir ons verduidelik dat die naam "Melgisedek" beteken "Koning van geregtigheid", en die feit dat hy ook koning van "Salem" is, beteken hy is ook die "Koning van vrede". Gen 14 leer ons boonop dat Melgisedek nie net 'n koning was nie, nee, hy was ook 'n priester van God, die Allerhoogste (Gen 14:18). Heb 7 verduidelik dat Melgisedek was Abraham se meerdere, want Abraham het aan hom 'n tiende van alles gegee. Verder leer Heb 7 ons ook dat Jesus Hoëpriester is volgens die priesterorde van Melgisedek, en omdat Melgisedek Abraham se meerdere was, en omdat Levi uit Abraham se nageslag is, daarom is Jesus Hoëpriester van 'n hoër orde as die Levitiese hoëpriesters. Die belangrike punt om raak te sien is: Abraham skaar hom nie by die koning van Sodom nie, maar hy skaar hom wel by Melgisedek, die Koning van Salem – dit is by die Koning van geregtigheid en vrede, wat ook die Hoëpriester is van die Almagtige God.

Wat moet ons hieruit leer? Die verbond met Abraham leer ons Abraham ontvang geregtigheid deur geloof. Waarin moet Abraham glo? Wel, die Here begin iets duidelik maak dat daar 'n Koning gaan kom – Hy is die Koning van Geregtigheid en Vrede. Maar Hy is ook die Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek. Abraham moet in Hom glo – nie in die koning van Sodom nie, selfs nie al bied die koning van Sodom hom rykdom aan nie. Abraham moet glo in 'n komende Priesterkoning. Hoekom? Want as hierdie komende Priesterkoning die Koning van geregtigheid is en ook die Priester van God is – kan Hy waarskynlik die sondeskuld vraagstuk aanspreek! As Hy die Koning van vrede is – kan Hy moontlik die Een wees wat die bron van onvrede, naamlik die duiwel, se kop kan vermorsel! As Hy werklik die bron van kwaad kan uitroei, kan Hy moontlik ook die Een wees wat die probleem van sondegeneigdheid kan aanspreek!

Later in die geskiedenis van Abraham se nageslag, lees ons van Abraham se kleinseun Jakob, wat op sy sterfbed lê en sy twaalf seuns seën. Oor Juda spreek Jakob 'n besondere seën uit (Gen 49:8-10): Juda se hand sal op die nek van sy vyande wees – wie is die vyand? Tog sekerlik die duiwel – die bron van die kwaad. Juda sal die septer en die heerserstaf dra totdat die Een kom aan wie dit behoort. Ons kan dus aflei dat daar uit Juda Een gaan kom wat die vyand gaan oorwin, en die gevolg sal wees dat Juda se broers en ook die volke aan Hom gehoorsaam sal wees.

Sien jy nog die prentjie? Drie vraagstukke wat opgelos moet word: die mense se sondeskuld en sondegeneigdheid moet aangespreek word, en die duiwel se kop moet verbrysel word. Daar kom 'n Priesterkoning wat dit gaan bewerk – Hy gaan geregtigheid en vrede bewerk as Koning en as Hoëpriester. Hy gaan boonop uit Juda kom!

<u>Die Sinaiverbond</u>

In Eks 3 lees ons van Moses se roeping by die brandende doringbos. In vers 10 lees ons spesifiek dat die Here Moses stuur om Sy volk uit Egipte te lei. Dit is so dat Moses nie spesifiek as koning aangewys word nie, maar dit is tog duidelik dat hy 'n leiersrol, oftewel 'n heersersrol, speel. Nadat die Here die volk onder Moses se leiding uit Egipte verlos het, kom hulle by Sinaiberg. Daar sluit die Here met hulle 'n verbond. Onder andere sê die Here vir hulle in Eks 19:6 Hy wil hulle 'n koninkryk van priesters maak. Wel, Adam en Eva het 'n koning- en priesterrol gehad om te vervul. Nou wil die Here die volk 'n koninkryk van priesters maak – sien: die Here is steeds op pad na dieselfde einddoel.

Maar die Here sê in vers 5 as hulle getrou na Sy stem luister, sal hulle ‘n koninkryk van priesters wees. Maar dit is juis die probleem: daardie drie vraagstukke staan steeds: die volk het reeds sondeskuld, hulle het steeds sondegeneigdheid, en die duiwel se kop is nog nie vermorsel nie. Hoe gaan hulle getrou wees om voortdurend na die stem van die Here te luister? Wel, ons kan steeds verwag dit gaan gebeur deur die Een uit die nageslag van die vrou, dit gaan gebeur deur die Een wat self Priesterkoning is wat geregtigheid en vrede gaan bewerk. Maar presies hoe gaan dit gebeur?

In die Sinaiverbond begin die Here dit vir ons wys: Hy stel die tabernakeldiens in. Dit sluit die priesterdiens asook die offerdiens in. Dit is deur die bring van offerdiere wat met hulle lewe betaal, dat die Here aan die volk vergifnis van sonde beloof. Dit is die priesters wat die offers moet bring. Dit is juis die hoëpriester wat eenmaal per jaar op die groot versoendag versoening vir die volk se sondes moet gaan doen in die Allerheiligste as hy die bloed van die sonde-offer op die versoendeksel gaan sprinkel. Hier begin ons leer hoe die Here ten minste daardie een vraagstuk gaan aanspreek: Dit is die vraagstuk oor die wegneem van sondeskuld – dit gaan weggeneem word deur die offers, veral daardie een offer op die groot versoendag, wat deur die hoëpriester gebring moet word. Die Sinaiverbond gee vir ons insae oor hoe die Een wat Priesterkoning die vraagstuk van sondeskuld gaan oplos – Hy gaan dit doen deur Sy Hoëpriesterlike rol.

Maar tog is daar in die Sinaiverbond ook voorskrifte vir ‘n koning. Lees Deut 17:14-20. Onthou, Deuteronomium is Moses se woorde aan die volk op die Moabsvlakte voor hulle die beloofde land gaan inneem. Moses sê in hierdie gedeelte hulle kan verwag dat wanneer hulle in die beloofde land aangekom en dit in besit geneem het, dat hulle dan sal vra om ‘n koning aan te stel, soos die ander nasies om hulle. En die verstommende is dat Moses vir hulle sê hulle moet dan voortgaan en so ‘n koning aanstel. Maar die koning wat hulle aanstel moet aan bepaalde vereistes voldoen:

- Hy moet deur die Here gekies wees
- Hy moet ‘n lid van die volk wees
- Hy mag nie baie perde aanskaf nie – veral nie uit Egipte nie. Egipte is ‘n tipe van die slawehuis van die sonde. Die koning moet nie die volk weer teruglei na sonde toe nie. Die koning moet ook nie self geneig wees tot sonde nie.
- Hy mag nie baie vrouens aanskaf nie – sodat hulle hom nie van die Here laat afwyk nie. Weereens, die koning moet die volk weglei van sonde, en moet nie self na sonde neig nie.
- Hy mag nie te veel silwer en goud hê nie – weereens dit hou die gevaar in om sy vertroue daarin te stel, eerder as in die Here.
- Hy moet ‘n afskrif van die wet maak, en hy moet dit gereeld lees, sodat hy ontsag vir God sal hê, en al die wetsvoorskrifte sal nakom. Hy moet nie sondeskuld maak nie.
- Dan sal hy lank regeer in die koninkryk van Israel.

Onthou nou: Adam en Eva het ook ‘n koningsrol gehad wat nie opgehef is met die sondeval nie. Die Here het aan Abraham belowe konings sal uit hom en Sara na vore kom. Trouens, die Here het aan hom gewys dit gaan iemand wees wat ‘n Priesterkoning is wat vrede en geregtigheid gaan bewerk - wat dus daardie drie vraagstukke gaan aanspreek. Die Here het deur Jakob aangekondig hierdie Koning kan uit Juda verwag word. En nou sê die Here, deur Moses, daar gaan in die beloofde land ‘n tyd kom dat hulle ‘n koning gaan vra, en dan moet hulle hom aanstel. Hulle gaan dus ‘n koninkryk word. Maar hierdie koning moet deur die Here gekies wees – klink soos Melgisedek wat ook priester was van die Almagtige God. Hy moet ‘n lid van die volk wees – klink soos Jakob wat gesê het die koning sal uit Juda kom. Die koning moet van sonde wegvlug, en die volk ook weglei van sonde af. Hy moet hom van sonde distansieer en nie daartoe neig nie, en hy moet hom verdiep in die Here se wet – wat juis definieer wat sonde is. Hierdie komende koning moet dus ‘n aktiewe rol speel om die volk

van sonde weg te lei. Ons weet nou al die eerste vraagstuk oor die reeds bestaande sondeskuld gaan deur 'n hoëpriesterlike rol aangespreek word. Gaan hierdie komende koning dalk van die ander twee vraagstukke aanspreek – dit is die vraagstuk van sondegeneigdheid en die duiwel wat vermorsel moet word?

Die Rigtertydperk

Ons weet Moses het nie die volk in die beloofde land ingelei nie. Na sy dood, het Josua die leierskap van die volk oorgeneem en hy het hulle wel in die beloofde land ingelei. Maar toe word Josua ook oud, en hy sterf. Lees Rig 2:8-11. Ons lees Josua was 110 jaar oud toe hy gesterf het. Solank as wat die geslag van die volk wat saam met Josua geleef het, nog geleef het, het dit betreklik goed gegaan. Maar toe daardie geslag ook almal gesterf het, toe het die volk van die Here af weggedwaal, en agter allerlei ander gode aangeloop. Duidelik is hulle steeds geneig tot sonde, duidelik is die duiwel steeds aan die werk.

So breek die rigtertyd in die volk se geskiedenis aan. Lees Rig 2:18-19. Die rigtertyd word gekenmerk deur herhaalde afwaartse spirale. Hierdie spirale lyk soos volg: Die volk wyk af van die Here se voorskrifte. Dan stuur die Here die volk se vyande om hulle te verdruk. Dit lei daartoe dat die volk na die Here roep. Hy luister en stuur vir hulle 'n rigter – oftewel 'n leier. Die rigter lei hulle teen hulle vyande en verlos hulle. Maar dit gee dan aanleiding tot die begin van die volgende spiraal as die volk weer in sonde val, en die siklus homself herhaal. En soos wat jy deur die boek Rigters lees, word dit duidelik elke opvolgende spiraal wyk al hoe meer af van die Here se wil. Dit gaan al hoe slegter. Die punt om raak te sien is dat terwyl Moses en Josua die leiers was, het hulle die volk sodanig gelei dat hulle nie heeltemal van die Here afwyk nie. Maar toe Josua sterf, en daar nie 'n opvolger vir hom is wat as nasionale leier optree nie, toe wyk die volk al verder en verder van die Here af. Selfs al tug die Here hulle deur hulle vyande, selfs al stuur Hy 'n rigter om hulle van hulle vyande te verlos, help dit nie – hulle spiraal net al hoe verder en verder van die Here af. Die Rigterboek sluit in Rig 21:25 af met die woorde: "In daardie tyd was daar geen koning in Israel nie; elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë." Dit is tragies. Die sondegeneigdheid van die volk tesame met die steeds teenwoordige duiwel voorkom dat die volk leef soos wat die Here wil. Selfs die teenwoordigheid van die priesterdiens en die offerdiens los nie die probleem op nie – dit kan hoogstens die sondeskuld-vraagstuk aanspreek – maar selfs dan ook net vir die wat werklik berou het oor hulle sonde. Wat nou?

Lees Rut 1:1. Die boek Rut speel af in die Rigtertyd. In hierdie boek lees ons die verhaal van Elimeleg en Naomi, hulle twee seuns en twee skoondogters. Maar let op wat vers 1 sê: Elimeleg was uit die stam van Juda – onthou, dit is juis uit Juda wat Jakob voorsien het die komende Koning sal kom. Ek glo ons is almal vertroud met die verder detail van die verhaal: Hoe Elimeleg, Naomi en hulle seuns na Moab gaan gedurende 'n hongersnood, in Moab trou die seuns met Orpa en Rut, maar Elimeleg en die twee seuns sterf in Moab. Op die ou end keer Naomi terug na Israel, en Rut dring aan om saam met haar te terug te kom. Daar gaan werk Rut op Boas se land – Boas was uit die geslag van Elimeleg, dus uit die stam Juda. Op die ou end trou Boas en Rut – en hulle word die ouers van Obed, en Obed was die ouer van Isai, en Isai van Dawid – en natuurlik is ons juis op pad na die sluiting van die Dawidverbond. Skielik is daar in hierdie donker rigtertyd 'n sprankeltjie hoop – ons kom nader aan die komende koning.

Die volk versoek 'n koning (1 Sam 8)

Die boek Samuel skop af op 'n baie donker noot. Ja, dit is so dat ons van die wonderlike geboorte van Samuel lees in antwoord op sy ma Hanna se gebed. Ja, dit is so dat Samuel geroep word as

profeet. Maar die boodskap wat deur Samuel kom is verdoemend: Lees 1 Sam 3:11-14. Die Here sê Hy gaan iets doen wat elkeen wat dit hoor se twee ore sal laat tuit. En dan spreek die Here ‘n ernstige oordeel oor Eli uit. Onthou wie Eli was – hy was die hoëpriester. Maar sy twee seuns was deugniete wat hulle posisies misbruik het, en Eli het hulle nie aangespreek nie. Die uitspraak van die Here is erg: “Daarom lê Ek ‘n eed af teenoor die huis van Eli: Die sondeskuld van Eli se huis sal vir ewig nie versoen kan word deur slagoffer en graanoffer nie.” Dit laat voorwaar jou ore tuit! En ons ken die geskiedenis wat volg – hoe die Filistyne die volk oorwin het, hoe Eli se twee seuns gesterf het, hoe die verbondsark van die Here geroof is, hoe Eli gesterf het.

Geliefdes, dink mooi oor hoe diep die krisis is: Na die sondeval was daar drie vraagstukke: Hoe gaan die sondeskuld aangespreek word? Hoe gaan die sondegeneigdheid aangespreek word? Hoe gaan die duiwel se kop vermorsel word? Die een vraagstuk waar daar al vordering was, was die vraagstuk oor hoe die sondeskuld aangespreek gaan word – dit gaan aangespreek word deur die priesterdiens en die offerdiens. Maar wat ons hier lees, is dat die sondegeneigdheid en die teenwoordigheid van die duiwel nie net die een krisis na die ander in die tyd van die rigters tot gevolg gehad het nie – maar dit het nou selfs die priesterdiens ook besmet – tot so ‘n mate dat die Here die hoëpriester uit sy rol verwyder en sê geen offer gaan vir hom versoening kan bring nie. Die een wat vir die volk versoening moet doen, is ook deur sondegeneigdheid en die duiwel oorval. Boonop verwyder die Here die verbondsark – daardie plek waar daar versoening gedoen moet word. Dit laat voorwaar jou ore tuit! Dit lyk asof ons terug is by die begin. Die gevolgtrekking wat ons moet maak, is: Versoening deur ‘n hoëpriester wat self geneig is tot sonde, waarborg niks. Dit waarborg nie ‘n effektiewe aanspreek van ons sondeskuld nie. Nog ‘n gevolgtrekking wat ons moet maak is: Om net die sondeskuld vraagstuk aan te spreek, is nie voldoende nie – die ander twee vraagstukke van sondegeneigdheid en die vernietiging van die duiwel moet ook gelyktydig aangespreek word. Dan is daar werklik ‘n oplossing.

Natuurlik was hierdie nie ‘n nuwe les vir die Here nie. Hy het dit al lankal geweet, dit voorsien en daarvoor beplan. Nee, Hy is besig om ons te leer. Ons begin verstaan hoekom ‘n sondige hoëpriester nie voldoende is nie. Ons begin verstaan hoekom Hy ons alreeds ingelig het oor ‘n komende koning. Maar Hy het ons ook al reeds ingelig dat die komende Koning nie net ‘n Koning is nie – nee, Hy is ‘n Priesterkoning – Hy is Hoëpriester en Hy is Koning. Dit begin klink of dit dalk nodig kan wees as aldrie daardie vraagstukke gelyktydig aangespreek moet word.

In 1 Sam 8 kom die volk juis na Samuel toe om te vra vir ‘n koning. Selfs die volk moes erken hulle het ‘n koning nodig. Gaan ‘n koning die krisis van die volk kan oplos? Ons kyk volgende week daarna.